

Maandag 25 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:32-39

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:37-39

Christus is die Oorwinnaar – glo in Hom! (1)

Daar gebeur soms verskriklike dinge met ons, al is ons gelowiges. Kyk maar wat gebeur hier met die gelowiges in ons gedeelte: verdrukking, beledigings, vervolging, bespotting, daar word van jou 'n skouspel vir die wêreld gemaak! Jy verloor dalk al jou besittings ...

Terugslae! Ondanks al die terugslae moet ons weet: Ons het lydsaamheid, volharding nodig, juis in die moeilikste tye. Ons word opgeroep om te alle tye die wil van God te doen. Om te glo en te volhard, bring vir ons redding (vs 35, 36). Daar is net een van twee – OF ons volhard in die geloof, al gaan dit hoe swaar, OF ons onttrek, deins terug en ontvang die oordeel. Ons Here sal vinnig terugkom (vs 37). Net 'n kort tydjie, 'n klein tydjie, dan kom Hy. Daarom moet ons opgewonde wees en groot vrymoedigheid hê om nou tot God te nader (vgl. Heb. 4:16). Want dit is nie lank nie, dan is dit die wederkoms van Jesus Christus.

Intussen, terwyl ons vir die wederkoms wag, het ons 'n verantwoordelikheid. Ons moet ons met die regte dinge besig hou, al het ons die ergste terugslae. In vers 38 sien ons dat ons 'n geskenk van die Here ontvang het – 'n GROOT geskenk – die geloof. En ons moet uit die geloof lewe! Die regverdige sal uit die geloof lewe.

Die regverdige: God het my van die sonde vrygespreek op grond van Jesus Christus se versoeningswerk. Ek is nou sy kind omdat Jesus Christus my vrygespreek het! Kom wat wil, ek lewe vir Hom! En van ons word daar nou geskryf (vs 39): Ons is nie dié wat terugdeins of onttrek nie. Ons het die Heilige Gees in ons hart wat ons verseker dat Christus terugkom en dat ons nou alreeds vir Hom lewe! Christus is die Oorwinnaar wat oor 'n kort tydjie in volle heerlijkheid terugkom – glo in Hom!

Sing: Psalm 71-1:9, 14

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)